# Die Volksbrandwag

April 2016

Goeiedag liewe lesers,

Behalwe om die volgende bladjie aan te kondig, is daar niks om te se nie, die bladjie sal die praatwerk doen. Ons hoop julle lees lekker...

Daar is 'n lekker spannende vervolgverhaal.... Geniet dit!
En moenie vergeet om betyds julle plekke vir die winterkamp te bespreek nie.

*Red*

**Lees binne:**


- *Veldtoe*: Raasblaar -bls **2**
- Slagtersnek 200 jaar- bls **3**
- Vlug na Vryheid - bls **4**
- Staatmaker Onkruid - bls **5**
- Die Groot Gesprek- bls **6**
- Wees Paraat - bls **7**
- Leuens op Leuens - bls **9**
- Laat ons Onthou - bls **10**





## 12 Veiligheidswenke

Mense, ons leef in 'n tyd waar jou eiendom en lewe nie meer veilig is nie. Hier is 'n paar wenke om veiliger te wees op straat:

*Wees te alle tye waaksaam en oplettend. Kyk om jou terwyl jy stap, werk of rus. (dit beteken om nie met jou aandag op jou selfoon te loop (of te ry) nie.

*Moenie alleen êrens heen loop nie, neem altyd iemand saam of nog beter: stap as 'n groep.

*Sorg dat iemand (of meer as een persoon) weet waarheen jy op pad is, hoe laat jy vertrek het, en hoe laat jy verwag om terug te wees of anderkant aan te kom.

*Vermy slegverligte areas of strate.

*Ken jou noodnommers uit jou kop: as jy jou selfoon verloor kan jy steeds die regte mense in die hande kry.

*Moenie met vreemdelinge 'n gesprek aanknoop nie. As 'n vreemdeling jou nader, sorg dat jy bewus bly van jou omgewing, en kry bietjie

*(Vervolg op bl. 2)*

# Veldkuns

*Die Raasblaar.* (*Combretum zeyheri*)

Herkoms van die naam:
*Combretum* = naam wat deur Plinius vir n rankplant gebruik is, en *zeyheri* = vernoem na Carl L.P. Zeyher, die eerste versamelaar van die spesie op die Magaliesberg.



Beskrywing: As jy nou so kyk sal jy sien dat die Raasblaar n bladwisselende boom is wat tot 15 m hoog is met n ronde kroon. Verder dat die bas op die jong takke bedek is met witterige hare, takkies met prominente verdikte knope. Maar die bas op ou stamme is glad en grys, dop partykeer af, soms is dit spleterig, met ligbruin tot oranjebruin onderbas. Die blare is enkelvoudig, teenoorstaande, soms in kranse van 3 op jong takke. Voel net hoe sag en baie harig is die jong blare, en die blaar is gerond met die blaarpunt en die basis rond vernou, soos hier, sien jy. Die blaarskyf is 70-140 x 30-90 mm, gelerig tot liggroen met n gladde blaarrand, be-aring is prominent met die are uitgelig aan die onderkant en dit vorm prominente haargevulde holtes. Meet jy nou die blaarstele sien jy dis 8-20 mm lank, en dit het n duidelike groef aan die bokant en dis ook harig. Nogal n harige boom, ne? Kom jy in die herfs by n Raasblaar gaan jy jou behoorlik verkyk aan die pragtige geel herfskleure. Die blomme is sittend en in silindriese are 30-80 x 10-20 mm en verskyn net voor of tegelyk met die blare, style steek ver uit by die boomknoppe. Hierdie blomme is gelerig met n sterk soet geur. Die vrugte word gedra in trosse, 40-80 mm lank met 4 groot sterk vlerke, glad en toffiebruin tot rooierig bruin as dit droog is. Die hout het n gelerige sap en n bruin kern. Dis lig, hard, sterk en termietbestand.

Blomtyd:
Van Augustus tot November.

Vrugtevorming:
Van Februarie tot Oktober.



Verspreiding:
Vanaf die Demokratiese Republiek van Kongo in die noorde tot KwaZulu-Natal in die suide.

Gebruike:
Die hout word nog steeds gebruik vir die maak van jukke en algemene huishoudelike artikels. Die gom is eetbaar en het n sterk bewese antibiotiese werking. Party volke gebruik die wortels om mandjies en visfuike te maak. As die blare gemeng word met olie kan dit gebruik word vir n smeermiddel vir n stywe nek en ook rugpyn. Die bas word gebruik vir behandeling van galstene. Meng die gekneusde blare met water en gebruik die treksel as n wasmiddel vir jou oë. En verpoeier die wortels kan jy dit per mond inneem in pap om n bloeiende neus te stop of nierpyne te verlig. So daar is alles, ‘n behoorlik mondvol!

Kweking:
Goed, gaan ons probeer? Ek dink so. Dan moet ons nou eers ongeparasiteerde sade vanaf die boom versamel en dan die saad verwyder deur die twee vlerke van mekaar weg te trek. Nou moet ons die sade week in koue water vir ten minste 10-12 ure. Saai nou die geswelde sade in saailingkissies met skoon riviersand. Die sade kan ook in die mengsel gedruk en met n dun lagie sand bedek word. Ontkieming is binne 10-30 dae maar soms oneweredig. Plant dit nou oor in kwekerysakke as dit die 2-blaar stadium bereik, oppas net dat jy nie die wortel beskadig nie. Die Raasblaar is droogtebestand en kan heelwat koue vat maar glad nie ryp nie. Die boom se groeitempo is aanvanklik stadig maar dit neem toe tot 800 m per jaar indien plante beskerm word teen ysige winde en ryp. Hierdie boom is vuurbestand in sy natuurlike habitat en die vrugte is aangepas om deur die wind aangerol te word vir verspreiding.

Die Raasblaar is baie effektief om groot openinge in jou tuin te vul. Ons het self n hele klomp, op die deel van die plaas wat die ryp nie val nie, en hulle is heerlike bome om te hê. Veral as die son so warm brand soos nou ☺.

Bron:
Benut ons Inheemse Bome, Fanie & Julye-Ann Venter, 2002.

# Veiligheid

*(Vanaf bl.1)*
afstand tussen jou en die persoon (en sy moontlike medewerkers).

* Kyk uit vir mense wat dieselfde tipe kleredrag dra bv. gelerige hemde. Al loop of staan hulle uitmekaar, behoort hulle heel moontlik aan dieselfde bende.
* Moenie daardie stemmetjie in jou agterkop ignoreer nie. Mens se sesde sintuig is baie keer reg.
* Moenie jou waardevolle items vertoon nie. ‘n Selfoon teen die oor is ‘n uitnodiging.
* Vermy dit om in strate te stap waar mense dig opmekaar loop. Dis waar sakkerollers opereer.
* Moenie aan almal op sosiale media jou kom en gaan verkondig nie.
* Dra jou handsak diagonaal om jou lyf gehang. Dit maak van jou ‘n moeilike skyf vir grypdiewe.


# Slagtersnek-200 jaar

**Vanjaar, 2016, is dit presies 200 jaar nadat die Slagtersnek Rebellie plaasgevind het. Vyf man is op skandelike wyse opgehang, vir geen ander rede as dat hulle hul dure Vryheid gesoek het nie. Laat ons nooit vergeet nie...**

Vyf jaar nadat Van Riebeeck in die Kaap de Goede Hoop aan wal gestap het, gee hy grond aan die eerste vryburgers, omdat hy hoop hulle sal "...**eendag van hierdie plek hul vaderland mag maak...**" Dit was die eerste saadjie van Afrikanerskap. Onder die **VOC,** het die vry-burgers steeds uitgebrei na die binneland toe; saaiboere, wynboere, veeboere…
Aan die begin van die 18de eeu kom die stryd teen goewerneur **Willem Adriaan van der Stel**. Vir die eerste keer roep iemand uit: ***"...Ik ben een Afrikaander!"*** (Hendrik Bibault, Stellenbosch).

Met die dat die burgers al dieper die binneland in beweeg het, het hulle al losser geraak van die Kaapse regering, met sy **onregverdige beleid**.
Die **Amerikaners** se opstand teen Engeland, die **Franse Rewolusie** met sy omverwerping van koninklike oorheersing…en elke grensboer se stam-geskiedenis van jarelange stryd teen **Spaanse oorheersing** en die vervolging van die **Franse Hugenote**, het gelei tot die verwerping van die kompanjie se onsimpatieke heerskappy.

In 1795 jaag die burgers van **Graaff-Reinet** vir landdros **Maynier** (daardie party-trekker vir swart rowers) weg en stig saam met **Swellendam**, hul eie



republiek.
**Marthinus Prinsloo**, Stem van die Volk, en **Barend Lindeque**, tree op as leiers van diè eerste Afrikaner-volks-groep, wat saamgebind word deur hul familiebande, dieselfde taal, geloof, beginsels, en stoere vryheidsgees.

Ongelukkig het **Engeland** daardie selfde jaar die Kaap in besit geneem. Die nuwe republieke moes tydelik kopgee. Die grensboere van **Bruintjieshoogte** en omstreke het egter net gewag op 'n kans om die ou republiek in ere te herstel.

Dan word komdt. **Adriaan van Jaarsveld** gearresteer, kamtig omdat hy 'n kwitansie sou vervals het. Marthinus Prinsloo bring dadelik 'n kommando op die been en ontset komdt. Van Jaarsveld. Dit is die begin van die **Van Jaarsveld-Rebellie** van 1799 wat, weens verraad en ammunisie-tekort,uitloop op die terdoodveroordeling van Marthinus Prinsloo en Adriaan van Jaarsveld. Prinsloo verkeer drie jaar onder die doodsvonnis in die Kasteel.

Die Kaap word aan die Bataafse Republiek teruggegee en hy en ander veroordeeldes word deur Kommisaris-genl. De Mist vrygestel. Van daardie tyd af kom die erenaam **"Marthinus Kasteel"**.
Ongelukkig het Komdt. Van Jaarsveld reeds in die Kasteel se Donker Gat (die dodesel) beswyk --- die eerste Afrikanerleier wat sy lewe betaal het vir die onafhanklikheids-ideaal .

In 1806 neem **Engeland** weereens die Kaap in besit. Weer word daar gewag op 'n kans om van die vreemde heerskappy ontslae te raak. Genl. Craig, die Engelse

## I
## Ontdekking van die manuskrip

Die reën was besig om teen die wye vensterruite van ons ou plaas-huis naby Stellenbosch te slaan. Onderwyl ek verveeld na die druppende akkerbome sit en kyk en wonder wat ek sal doen, onthou ek die spreeunes op solder, en val dit my by dat ek nog nie 'n spreeu-eier in my versameling het nie.
Ek het deur die plassende reën gehardloop, met die houttrap op-geklim na die solder en die deur oopgestoot. Dit was 'n spookagtige plek wat oor die hele lengte van die huis gestrek het. Orals het ou mangels, ou karrings en stukkende ysterpotte van vorige eienaars rondgelê op die vloer, wat met klei gepleister was om die kamer koel te hou. Van die balke het grillerige spinnerakke gehang. Die reën het sag gedreun op die strooidak, en my voetstappe het hol en dof weerklink. Ek sou seker bang geword het as ek 'n meisie was, maar ek was Jan de Villiers van die plaas „Laborie". Die nes was in 'n hoek van die dak, en deur op een van die dwarsbalke te klim en regop te staan, kon ek dit bykom, maar ek was te laat!
Die kuikens was reeds uitgebroei en het hulle bewerige nekke en aaklige bekke na my uitgestrek. „Ek het g'n wurms vir julle nie", het ek gesê en my kop geskud. Net toe merk ek iets vreemds, wat soos 'n kissie lyk, agter die nes weg-gesteek. Versigtig, sonder om die kuikens te steur, woel ek die kissie los, klou dit styf vas in my een hand en swaai af vloer toe. Die kissie was asvaal van die stof, en ek het byna in die stofdamp verstik toe ek dit probeer afblaas. Onder die stof kon ek sien dat die kissie van verskillende soorte hout gemaak was, wat netjies inmekaar pas het. Sou daar iets waardevols in die kissie wees, het ek ge-wonder, en die trap afgestorm om moeder te gaan soek.
Sy was net so geïnteresseerd soos ek en het die stof met 'n nat lap afgevee sodat ons die pragtige patroon van die ligte en donker houte en die slot en skarniere van metaal kon sien. Omdat ons nie 'n sleutel gehad het nie, het ons dit met 'n handboortjie oop-gebreek, maar as ons gehoop het om goud en skitterende juwele te vind, dan was ons baie teleur-gestel. Binnekant was net 'n ou, gevoude rol papier, geel van ouderdom en bekrap met 'n spinnekopagtige handskrif.

**Vlug na Vryheid**

deur

**H.J.Millar**

**~die verhaal van 'n Hugenote-gesin se vlug na die Kaap om 'n nuwe lewe te begin~~**



Moeder het die papier sorgvuldig oopgevou, en ek het oor haar skouer geloer.
„Ek kan geen woord daarvan uitmaak nie. Kan Ma?" het ek gegrief gesê. „Dit is nie Engels of Afrikaans nie."
Moeder het die manuskrip sorgvuldig bestudeer. „Dit lyk na Frans," sê sy eindelik na-denkend. „Dit is werklik baie interessant, en ek moet dit vir professor Frank gaan wys wat alles van diè dinge weet."
Ons nuuskierigheid was nou so gaande dat ons nie kon wag nie. Ons het dadelik na professor Frank se huis op Stellenbosch gery. Hy was besig om te lees in 'n kamer omring van rakke en rakke vol boeke. Daar was selfs boeke op die vloer rondom sy lessenaar gestapel.
Hy het verbaas gelyk om ons te sien. Maar nadat ons hom ons storie vertel en die kissie oorhandig het, het hy baie geïnteresseerd en ook baie opgewonde geraak. Ek sou nooit tevore kon glo dat 'n beroemde professor so op-gewonde kon raak oor 'n kissie van ingelegde hout met 'n rol geel, verbleikte papier in nie. Hy het dit uitgehaal en oop-gevou asof dit van suiwer goud was.
„Dit is 'n wonderlike ontdekking, " het hy eindelik gesê. „Daar is nog nooit tevore in Suid-Afrika so iets gevind nie." Hy het opgestaan en op-gewonde deur die kamer rond-geloop.
„Maar wat is dit?" het ons nuuskierig gevra.
„Sover ek kan vasstel, is dit die dagboek, in Frans, van 'n jong Hugenote-seun...sy ontvlugting uit Frankryk...sy aankoms aan die Kaap. Wonderlik! Wonderlik! Ek kan byna nie glo dat so 'n boeiende dokument werklik gevind is nie."
Maar tog, die kissie en die manuskrip was werklik daar. Nadat hy 'n bietjie tot bedaring gekom het, het hy vir ons tee aangebied en twee soorte koek en werklik interessante stories vertel van luiperde skiet in die berge. Hy het ons gevra om die manuskrip by hom te laat, hy wou dit nie uit sy hande laat gaan nie. Hy sou dan 'n ver-taling maak en vir ons 'n afskrif stuur.
So is ons dan huis toe, maar ek kon byna nie slaap daai nag nie. Ek het gedurig aan die spreeunes en die kissie gedink en, so deur my drome, my verbeel dat ek self daardie Hugenote-seuntjie van lank gelede was.

*(Word vervolg)*

# Slagtersnek - 200 jaar

(vanaf bl.3)
gesagvoerder wat die Kaap ingeneem het, het sy hande vol om die grensboere te bedwing. Kort na sy aankoms besluit hy "*…om 'n groep Hottentotte te versamel en te bewapen. Niks waarvan ek weet sal die 'Boors' van die land meer intimideer nie….*"
Om hul verder te grief word Pandoere in die kerkgebou op Graaff-Reinet ingekwartier. En Maynier word as landdros in ere herstel.

Met die **Swarte Ommegang** van 1812 word baie van die grensboere voor die hof gedaag n.a.l.v. Valse klagtes gelê deur **Hottentotte en Engelse Sendelinge** (Bethelsdorp). Klagtes waaraan niemand ooit skuldig bevind word nie maar wat nogtans baie ongerief en vernedering veroorsaak.

10 Oktober 1815: Nadat **Frederik Bezuidenhout** deur 'n astrante hottentot-bediende aangekla is van mishandeling, en geweier het om voor die hof te verskyn, word hy, in 'n skermutseling op sy plaas, deur 'n Hottentotsoldaat doodgeskiet.
Hans Bezuidenhout, sy broer, en **Hendrik Kasteel**, seun van Marthinus Kasteel, stel 'n brief op om mense aan te spoor tot opstand. Hendrik onderteken die brief.
Ene Christiaan Muller gaan gee dit egter in die owerheid se hande. Hendrik Prinsloo word gevolglik gevange geneem voor die opstand kan begin, en in die fort van kaptein Andrews, aan die Visrivier, aangehou.
**Hans Bezuidenhout** daag met 'n kommando op om Hendrik se vrylating te eis. Dit word geweier. Nadat hulle 'n eed van onderlinge trou gedoen het, trek die kommando 'n entjie na die Noorde weg, maar meer en meer mense keer huiswaarts. Uiteindelik word die laaste 40 man deur kol. **Cuyler**, landdros van Uitenhage se dragonders en komdt. **Willem Nel** se 'lojale' burgers, op 'n koppie naby Slagtersnek vasgekeer.
Cuyler onderhandel en Willem Nel pleit totdat 18 opstandelinge afkom en hul oorgee. Die ander besef hul saak is verlore en vlug. Vandag nog heet die koppie: **Verraaierskop**.

*-Word vervolg-*

# Staatmaker onkruid



**Sowaar! Daar is goeie onkruid ook!**

**Asmabossie**
(Euphorbia hirta)

Hierdie laag-spreidende eenjarige kom oral op, tussen plaveistene. Die bossies skiet vinnig saad en versprei dit ver en wyd. Hulle het harde, amper brons blare en kan vasbyt soos min!
Hy kom dwarsoor die wereld voor en het n lang geskiedenis as geneesmiddel—vir asma, brongitis, senuwee-hoes wat nooit opklaar nie, hooikoors, nies en katar. In Spanje en Portugal word dit gebruik om amebiese buikloop te behandel. Asmabossie is volop en voorwaar n wonderplant.
Dit proe maar frank en baie bitter, maar is 'n baie sterk antiseptiese middel en help vir die behandeling van spasmas, veral spysverterings-en-hoes-spasmas en om van slym ontslae te raak.

Maak 'n tee deur 1 koppie kookwater oor ¼ koppie vars blare en takkies te gooi. Laat dit vir vyf minute trek en syg deur. Moenie meer as twee koppies 'n dag drink nie.
Die melkerige sap sal selfs vratjies help opdroog — smeer dit net kort-kort aan.
Selfs op die komposhoop is asmabossie met sy hoë silika-, magnesium- en kalsiuminhoud van onskatbare waarde.

Inligting uit: **Plantmaats** van Margaret Roberts, 2007; Roberts, 2007;

# Die groot gesprek oor Onderwys (2)

## - CJH Vorster

Waar ek in die eerste aflewering swaar gesteun het op aanhalings van gesoute tuisonderwys-'ers' ten einde tuisonderwys in perspektief te plaas, wil ek my, in die tweede aflewering verstout om uit eie ervaring en kennis 'n paar gedagtes met die lesers te deel

Twee mense het my baie geleer op die tuisonderwys-pad: my eie moeder geleer (ek is trots om te sê: my ouers was pioniere van tuisonderwys in SA) asook Leendert van Oostrum (die baie nugter en briljante stigter van die Pestalozzi Trust).

Tuisonderwys is 'n baie goeie vertaling van die Engelse woord "Homeschooling". As ek my mag waag aan 'n definisie sou dit so klink: Tuisonderwys geskied waar 'n ouer of ouers besluit om nie die verantwoordelikheid van hul kinders se opvoeding oor te gee aan onderwys-instansies nie.

Dit is dikwels 'n stap geneem vanuit hulle geloofsoortuiging. Hulle weet en glo hul kinders is deur die Here in hul sorg geplaas, en die beste en enigste manier om die doop-belofte ten volle na te kom, is om hierdie kinders tuis, binne gesins- en geloofsverband op te voed EN te onderrig.

Kort gestel: vir ware tuisonderwys -ouers is dit 'n beginselsaak. Nie omdat dit 'n maklike uitweg is nie – maar omdat hulle gewete hulle dwing. Dis gewoonlik hierdie ouers wat volhard op die tuisonderwys-pad, want hulle weet dis die enigste pad om te stap.
Ouers wat hul kinders na 'n ruk terugplaas in die skool, is in meeste gevalle nie gemotiveerd vanuit beginsel nie.

Wat ons bring by die interessante feit dat meeste tuisonderwys-'ers' begin by 'n, sal ons maar sê, formele benadering. Hulle voel dis nodig om 'n sekere mate van skool by die huis te handhaaf. Ek was self daar, en ek dink mens doen dit maar omdat dit jou 'n gevoel van sekuriteit gee. Ons is almal immers opgevoed in 'n skool-millieu – dis moeilik om mens los te maak van skool-agtergrond.

Gewoonlik duur hierdie "skool by die huis"-periode 'n jaar of twee. Duur kurrikulums word aangeskaf en werksopdragte verbete deurgewerk. Aanvanklik is almal maar te dankbaar om nie meer skool toe te ry elke dag nie. Maar sodra die nuutjie af is, begin die harde werklikheid. Mamma kan nie meer mamma wees nie, sy moet eerstens 'Juffrou' wees, anders haal niemand hul teikendatums (en punte) nie.

> Soos Leendert van Oostrum so dikwels sê: dis maklik genoeg om die kind uit die skool te kry, maar om die skool uit die ouer te kry...!
>
> Ek dink mens voel veiliger as jy hou by die ou ge-eikde weë. Die waarheid is egter juis die teenoorgestelde.

Dis hier waar dit vir menige gesin naderhand so nou raak dat die kinders begin neul om terug te gaan skool toe, want hulle mis hulle maats... En die ouers begin dink aan die aanloklike moontlikhede van herwinde "vrye" tyd. Hier sal die rede waarom jy begin tuisonderwys het, 'n deurslaggewende rol speel. Beginsel? Of nie?

Ek wens ek kan elke nuwe tuisonderwys'-er' hierdie eerste deel spaar. Maar ongelukkig gebeur dit maar so dat mens uit eie ondervinding die beste leer. Ek het ook gedink ek weet van beter. Tot die dag dat my dogtertjie vierspoor vasgesteek het. Skryf en lees was aaklig! Selfs sommetjies maak... Ek het nouwel nie kurrikulums gekoop nie, maar daar was 'n klaskamertjie, met 'n skoolbankie, handboekies, werkboekies, potlode – alles reg om 'leer' te stimuleer. En toe hierdie groot (en onverklaarbare) onwilligheid.
Gelukkig het my gesondheid tussenbeide getreë — ek kon dit nie fisies meer bolwerk nie. Punt.

So het sussie toe maar 'n jaar of twee lank absoluut niks gedoen in die lyn van 'skool' nie. Sy het gespeel, en ingekleur en boekies aangedra om gelees te word. Boetie het soos 'n stertjie agterna getou. En ongemerk, teen die tyd wat die derde baba daar was, het sy begin boeke lees uit haar eie. Ek het al meer besef dat ek hier te doene het met 'n wonderwerk: die wonderwerk van 'selfleer'. Ek het baie gedink en opgelees, en op die term 'unschooling' oftewel 'selfskool', afgekom. Dit het my laat besef dat ek nie sommer maar net 'n hopelose mamma is nie, maar, teen alle verwagtinge in, sowaar 'n 'wyse' mamma!

Op 'n simposium het Leendert van Oostrum, uiteindelik alles vir my in perspektief geplaas: Kinders leer in spronge

*(vervolg op bl8)*

# Wees Paraat 12

## Die Gevaarligte Flikker

Deur Carel van der Grijp (Sel **0815016696** of e-pos ***cvandergrijp@gmail.com)***

Tydens sy opruiende en uitdagende toespraak by die ANC se Beleidsvergadering 2016 en die ANC se verjaarsdag – het **Zuma** beweer dat die Afrikaner die grond wat hy vandag besit, gevat het, sonder om daarvoor te betaal; en vandag moet die regering die grond terug koop. Hy het 'n oproep gemaak dat die heldhaftigheid en strydlus van **Shaka** weer in



herinnering geroep moet word, bedoelende, dat die grond weer ingepalm moet word. Dit terwyl almal weet hoe Shaka ander swart stamme uitgeroei het, en hul verdryf en vermoor is. Daar word bereken dat ten minste 'n miljoen swartes gedood is tydens Shaka se bewind.

Daar is ook gesê dat grond beset moet word en dat die "**Maburu**" die gronde moet verlaat, so nie kan hy wat Zuma is, nie die Boere se veiligheid waarborg nie. Net so dreig die "Landless People's Movement", glo dat hulle in die aanloop na die verkiesing die slagspreuk "No land, No vote" gaan gebruik. Hulle is dan nie bereid om geslagte lank vir "die grond van hul voorvaders" te wag nie.

Zuma se toespraak en soortgelyke toesprake van **Malema** en die Landless People's Movement kry wye dekking oor al wat medium is. So help ook die SABC om die gemoedere van die grondhonger massas op te sweep en die heersende revolusionêre toestand op die spits te dryf.

Die opstande oor dienslewering, en nou by Universiteite, die aanval teen Afrikaans, die eis dat alle studies gratis moet wees… al hierdie opstande is deel van die finale komunistiese rewolusie -- die finale aanslag. Ook in 1976 se opstande is die oproep teen Afrikaans gebruik om die rewolusionere protes-aksies aan te vuur.

Die rewolusie in SA is nog nie voltooi nie. In die **Russiese Rewolusie** is die Adel en die middelklas as die vyand voorgestel; in SA is die Blanke as die middelklas d.w.s. as vyand voorgestel, Selfs al val die Blanke meerderheid vandag in die werkersklas en is werkloos, word hulle steeds nog as die vyand voorgestel.

Ons moet besef dat al hierdie opstande regoor SA niks anders is as terroristiese dade nie. **Terrorisme** is waar gewone burgers van `n land se lewe en eiendom bedreig, beskadig of geneem word, ten einde 'n regering tot 'n val te bring of enige ander Politieke agenda te bewerk.

Ons sien wat byvoorbeeld in Nylstroom gebeur het -- waar `n massa swartes die dorp wou inval. Ons het gehoor hoedat 12 swartes een Boer aanval... Volksgenote dit is net die begin van die **Finale Rewolusie**. Nou word ons nog een vir een op ons plase en dorpe en stede vermoor, onder die dekmantel van gewone misdaad, maar daar kom 'n dag, waar dorpe en stede en plase binnegeval gaan word, en net soos met die Universiteit van Mafiking in vlamme sal opgaan, en die lewe van `n Witmens minder werd sal wees as `n slagdier, en in die strate deur massas "betogers" om die lewe gebring sal word.

U veiligheid, die van u

# Paraat

vrou en kind, is u verantwoordelikheid. Raak betrokke: stig **Buurtwagte**— stig Plaaswagte. Organiseer om teenstand en weerstand te kan bied. Skep kommunikasie-kanale bv. twee rigting radios, whatsapp groepe en dies meer. Die Volksbrandwag is bereid om u daarmee te help, en te ondersteun.

So 'n Buurtwag, moet waarlik as Brandwag funksioneer: dit moet mense waarsku, inlig en tot hulp kan snel. So sal ons, die dag as die geweld en anargie dan kom, die vermoë kan hê om defensief asook offensief te kan optree, en, as dit moet, om te skakel tot 'n Kommando, ter wille van oorlewing, en vir ons kinders!

Indien witmense in SA nie ag slaan op hierdie al skerper flikkerende gevaarligte nie, en nie in veiligheids-inisiatiewe betrokke raak nie, sal dit dwaas wees.

Ek kan nou reeds voorspel dat die tragedie wat hom nou in **Zimbabwe** afspeel, hom binnekort in SA gaan afspeel. Die witmens in SA sal netso weerloos wees as dié in Zimbabwe, en dalk nog erger — geheel en al uitgemoor word!

Dis u **verantwoordelikheid**, om die Lewe wat deur God aan u gegee is, te bewaar so goed u kan. Dis ons elkeen se plig om hierdie Gawe van God te beskerm, sodat God deur daardie Lewe geprys en gedien kan word. ~



# Die groot gesprek oor Onderwys (2)

*(vanaf bl.6)*

(assimilasie-fases), en dikwels (gewoonlik) sonder dat hulle *geleer* hoef te word.

Hulle is van nature nuuskierig en as jy hulle los om self uit te vind wat hul interesseer, kom daardie ontwykende verskynsel, genaamd MOTIVERING, te voorskyn. Dan versit hulle berge.

John Holt het eenkeer geskryf: Kinders is nie treine wat op gegewe tyd by 'n gegewe stasie moet aankom en vertrek nie. Elke kind is uniek. Wat vir die een geld, geld nie noodwendig vir die ander een nie, selfs al groei hulle in die selfde huis op. Wat die een gaan gebruik in sy lewe, sal 'n ander een dalk nooit nodig kry nie.
Ook verskil seuns en dogters ongelooflik baie as dit by 'leer' kom. Dis eintlik 'n onderwerp op sy eie, maar laat my toe om te noem dat seuns, volgens dr. Raymond Moore, normaalweg eers rondom die ouderdom 12 gereed raak vir akademies-gerigte studies. Tot dan kan hulle toegelaat word om hul motoriese vaardighede te ontwikkel, en voor jy oe uitvee, val die res in plek.

Met 'selfleer' word die kind dus, binne die veilige raamwerk van beginsels en dissipline, toegelaat en bygestaan deur sy ouers, om sy weg te vind. Geen gesukkel en gestoei om die regte beroep te vind wanneer 'matriek' afgehandel is nie. In die meerderheid gevalle weet so 'n kind presies waarheen hy wil, dikwels reeds op 'n vroeë leeftyd.

Slotsom:

Wat het 'n kind werklik nodig?

- -Veilige omgewing ('n tuin, liefdevolle gesinsomstandigehede, gemeenskap van die heiliges/kerk)
- -Orde (selfdissipline, verantwoordelikhede, liefdevolle Bybel-gerigte tugtiging)
- -Vaardighede (skryf, lees en somme maak, en allerhande praktiese vaardighede)
- -Materiaal (skryfgoed, boekrakke vol goeie boeke, 'n tuin)
- -Geleenthede (musiekles, besoeke aan museums, kursusse)

Gee bogenoemde aan jou kinders en jy sal sien hoe elkeen se lewensroeping voor hom ontvou.

# Leuens op Leuens

Ai ja jai, kindertjies, julle oupa sit vandag hier met sy koffie bitter en swart. Hoekom? Want ek dink te diep en te ver – wie wil nou sukkel met suiker en melk.
Kyk nou weer in vandag se koerant. Leuens, op leuens, op leuens. Hier sit ons vandag in die grootste moeilikheid, omdat ons nie al hierdie leuens herken nie.
Vat nou maar die leuens oor dr.HF Verwoerd. Hy was iemand wat nie net aan die waarskuwings uit die verlede ag gegee het nie, hy het ook sy lewe daarvoor afgelê om Suid-Afrika vir sy kinders en ons oumas en oupas se kinders 'n veilige woonplek te maak. Daarom is dit juis so skandelik dat daardie einste kinders vandag Dr.Verwoerd nagedagtenis vergeet. Nee meer, die leuens glo waarmee die vyand hom vuilsmeer.
Elke keer as ek lees dat een of ander kêrel kwytraak: "Ons het hulle (die vreemdelinge binne ons landsgrense) voorheen tog sooo benadeel, en nou boet ons daarvoor..." voel dit vir julle oupa of sy valstande skoon stomp word. Ek kan gerus die koerantjie net daar in die asblik smyt.

> Kyk wat gebeur as mens die vyand glo, sonder om seker te maak van die ware feite. Jy kry 'n reuse skuldkompleks oor iets wat nooit gebeur het nie!

Wie van ons se voorgeslagte het ooit iemand benadeel, gemartel of soos 'n slaaf behandel?
As iemand so begin praat sê ek sommer gou-gou vir hom: "Ai, dis darem sleg dat jou oupa (of pa) sy arme werkers so mishandel het. *My* mense het nog altyd hulle werkers goed behandel."
Dan kry hulle so 'n ongemaklike kleurtjie en sê: "Nee, my oupa was darem ook goed vir sy werkers." Nou van wie praat hulle dan nou eintlik? Ander mense se oupas – wat hulle ook nie eers geken het nie?
Ai nee, dat mens jou nou so kan laat pootjie, deur die mense wat so lekkerkry wanneer jy sommer jouself met modder besmeer, uit eie vrye wil.
Nee wat, kindertjies, gaan maak maar self seker van julle feite, daar is baie plekke waar mens nog die waarheid kan uitvind. Die beste plek om te begin, is, ja... by jou eie oupa en ouma.

> Vra maar bietjie mooi uit, dan sal jy naderhand verstaan presies hoe goed ons oupas en oumas vir die anderskleuriges in ons land was.

En helaas, hoe ondankbaar die jonges van ander rasse, vandag daarvoor is. Ook hulle word daagliks 'n rat voor die oë gedraai. Ook hulle glo eerder die vyande van ons land, as hulle eie oupas en oumas. Gaan kyk maar, as jy 'n ou swartman of swartvrou uitvra, hoor jy gou hoe goed dit eintlik met hulle (en ons) gegaan het in die ou apartheidstyd.
Daar was selde of ooit geweld, moord was feitlik ongekend, diewe het altyd in die tronk geeindig. Kinders kon nog in die parkies gaan speel, ouers met geruste harte hul kinders by die skool aflaai. Oumensies soos ek, is sagkens oor die besige strate gehelp, en het nie bekommernis gehad oor geldjies wat te min raak om die maand se kos van te koop nie.

> Daar is pragtige nuwe hospitale gebou, waar navorsers en praktisyne al hul kennis ingespan het om swartmense te help...

Baie siektes het so te sê verdwyn, en klonkies wat andersins nie ouer as 'n paar uur sou word nie, het gegroei en groot geword, onder die noukeurige versorging van *wit* hande. Wat het daarvoor betaal? Ons oupas en oumas se belastinggeld.
Daardie selfde belastinggeld het pragtige nuwe skole vir almal (swart en wit) gebou, en kaste vol handboeke, en skrifte gekoop. Het julle geweet dat hierdie boeke voorheen by die skole uitgedeel is? Swartetjies het dit gratis en verniet gekry. Sowat 90% van hulle skoolgeld is betaal deur ons oupas en oumas -- met die geldjies wat hulle met swoeg en sweet bymekaar gemaak het – belastinggeld.
Ons het die swart kinders leer lees, leer skryf en leer somme maak. Ons het hulle leer briewe skryf, bankrekeninge oopmaak, huise bou en telefone gebruik. Ons het hulle leer motors en vragmotors bestuur en onder dr. Verwoerd se bewind was daar baie van hulle wat op die ou end selfs hul eie voertuie besit het, en hul eie besighede bedryf het. Dit het goed gegaan onder apartheid. En dis die reine waarheid. Julle oupa weet, want ek was self daar. Maar die swart jongetjies van vandag... hulle weet nie meer wat die waarheid is nie. Hulle sluk elke

1. Mens gooi die buitekant weg en maak die binnekant gaar. Dan eet jy die buitekant en gooi die binnekant weg. Wat is dit?
2. Raai raai, ek het twee wit perde, ek sit hulle op stal. As ek hulle uit haal is hulle bruin. Wat is dit?
3. Twee vaders en twee seuns gaan skiet eende. Elkeen skiet n eend. Tog is net drie eende geskiet. Hoe verklaar jy dit?

# Raai raai

1. 'n Mielie, 2. Twee brode, 3. Oupa, pa en seun.

# Leuens

liewe leuen, en verkondig dit dan weer op die daktoppe. Alles wat sleg en verkeerd is, is Verwoerd en sy nageslag se skuld.
Ja, kindertjies, miskien het julle dit ook al begin agterkom: hierdie mense is nie meer tevrede te stel nie. Hulle glo al klaar vas en seker dat hulle die reg het om te steel, moor, roof en plunder...
As hulle maar net kon verstaan hoe hulle hulself ook benadeel. En ons mense dink dis hul verdiende loon om besteel, vermoor en beroof te word.
As ons mense ook maar net kan verstaan dat hulle geen skuldgevoel hoef te hê nie...

Die vyand vertel aan almal in hierdie land leuens op leuens, want solank ons nie weet wat werklik in die verlede gebeur het nie, is ons soos klei in hulle hande — **slawe**.

President Steyn het gesê: "'n Volk wat sy verlede vergeet, is 'n volk wat nie werd is om te leef nie."
Kom ons leer weer die waarheid oor ons verlede ken.
Want dan, kindertjies, het ons 'n padkaart tot ons beskikking waarop ons voorgeslagte klaar die slaggate en skerp draaie aangeteken het, sodat ons, die nageslag, veilig kan reis op bekende paaie.
Ik heb gesegd.

# Laat ons Onthou

"In naam van die Edele Verenigde Kompanjie van Oos-Indië, en in naam van die Hoogmoënde State-Generaal van die Geünieerde Provinsies neem ek besit van hierdie land aan die ‚Cabo'. God behoede land en volk, en seën hierdie nuwe volksplanting!"

~ Jan Van Riebeeck ~
8 April 1652

"Nu zal een ieder gedachtig zyn om voor alle vryheid van zyn land, met Gods hulp, te vechten en niet buiten zyn Wet te gaan..."

~ Abraham Bothma ~
Slagtersnek
1815

"Ek sal veg tot die laaste druppel bloed... Al sou ek deur my teenstander neergeslaan word, en hy my sou hoon en sê dat die laaste druppel bloed nou daaruit is, dan sal my antwoord wees: Druk maar weer en jy sal nog 'n druppel vind."

~ Genl. De Wet ~

## Volksbrandwagkampe 2016:

* Noodhulpkursus: Vlak 1 –geldig vir 3 jaar

Kontak sekretaresse vir besonderhede

* Winterkamp - 4-9 Julie
* Geskiedeniskamp
* Somerkamp: Desember

(Offisierskampe by geleentheid)

*Vir meer inligting kontak:*

*Christina 082 324 8637 /087 802 0894*

*www.volksbrandwag.co.za*

*faks: 086 655 5608*

*inligting@volksbrandwag.co.za*

*of Carel 082 532 9656*